

‘n Oorsig oor die geskiedenis van die bronteks van die Ou Testament¹

Prof. JAE Adendorff

Ons is vandag in die jaar 2012 ongeveer 3000 jaar van die wêreld en tyd van Moses verwyder. Hy was die eerste wat op Gods bevel die woorde en dade van God in die geskiedenis opgeteken het. Ons het egter nie meer sy oorspronklike manuskripte² nie en ook nie dié van die skrywers ná hom nie. Die oorspronklike dokumente en selfs die vroegste kopieë wat daarvan gemaak is, het in die sand van die eeue verdwyn. Talle redes kan daarvoor aangedui word:

- Verwering vanweë ouderdom.
- Die teenspoede wat Israel getref het (bv. die ballingskap, ens.).
- Uit eerbied vir die Naam van God wat in die manuskripte geskryf is, is verweerde manuskripte vernietig om ontheiliging deur die heidene te verhoed. Baie keer is die manuskripte begrawe.
- Daar was deur die eeue mense wat die manuskripte wou vernietig. In Jer 36 lees ons bv. van koning Jojakim wat die boekrol waarop die woorde van die profeet Jeremia geskryf was, “met die mes van ‘n skrywer stukkend gesny en in die vuur gegooi (het) wat op die vuurpan was, totdat die hele rol in die vuur op die vuurpan verteer was” (Jer 36:23). Uit vrees vir die vernietiging van die manuskripte is hulle soms weggesteek en nooit herwin nie (bv. die Dooie Seerolle).

Ons sou graag die oorspronklike manuskripte wou gehad het. Van hulle bely ons immers dat hulle Goddelik geïnspireerd en sonder foute was. Met hulle in die hand sou ons nooit oor die teks van die Ou (en Nuwe) Testament getwyfel het nie. Maar ons het hulle nie. Wat ons wél het, is kopieë van kopieë wat in die tyd vóór en ná die koms van Christus gemaak is. Tussen die oorspronklike dokumente (outographa) van die Ou Testament en ons lê dus millenia se kopieerwerk. Dit laat die vraag ontstaan: Is die manuskripte wat ons vandag het akkurate weergawes van die oorspronklike teks? Is dit moontlik om met hierdie manuskripte as vertrekpunt die oorspronklike teks van die Ou Testament te herwin? Om hierdie vrae te beantwoord, moet ons aan verskeie sake aandag gee, soos die geskiedenis van die ontdekkings van Ou Testamentiese manuskripte, die historiese ontwikkeling van die Ou Testamentiese teks wat deur die ontdekkings belig word, die verskillende vertalings van die Hebreeuse teks, ens.

1. Die geskiedenis van die ontdekkings van Ou Testamentiese manuskripte

1.1 Middeleeuse manuskripte

Tot en met die ontdekking van die Dooie See manuskripte in 1947 het die meeste manuskripte van die Ou Testament wat ons gehad het uit die Middeleeue gedateer. Die oudste manuskrip van die volledige Ou Testament is die Kodeks Leningradensis uit die jaar 1008 n.C. Volgens die kolofon (of eindnota) is dit in Kairo deur Samuel ben Jacob van ‘n ouer manuskrip, deur Aaron ben Moses ben Asher in die jaar 1000 n.C. geskryf, gekopieer. Lg. manuskrip het egter verlore gegaan.

¹ Referaat gelewer tydens die Teologiese dag van die AP Akademie, Januarie 2012.

² “Manuskrip” beteken “wat met die hand geskryf is”. Dit is ‘n handgeskrewe kopie van ‘n deel van die Ou Testamentiese teks wat op papiirus, perkament (leervel) of papier geskryf is.

Die Leningradensis is deur 'n Jood, Abraham Firkovich, in 1839 ontdek. Dit is in 1863 deur die Russiese Nasionale Biblioteek aangekoop en is tans in die Russiese stad St Petersburg. Dié stad was voor die val van die kommunistiese Leningrad genoem, vandaar die naam van die kodeks. Dit word algemeen aanvaar dat die Leningradensis die beste voorbeeld is van die Masoretiese teks soos deur die Ben Asher familie verteenwoordig.

Die Leningradensis, alhoewel steeds die oudste volledige manuskrip van die Ou Testament, was egter nie die oudste manuskrip wat voor 1947 bekend was nie.

- Geleerdes was ook bekend met ander Middeleeuse manuskripte waarvan die Aleppo kodeks een van die belangrikstes was. Dit is volgens die kolofon deur Shelomo ben Baya'a in konsonante vorm geskryf en deur Aäron ben Moses ben Asher in ± 920 n.C. nagesien en van vokale en notas voorsien. Dit is 'n pragtige kodeks wat deur die Joodse gemeenskap in Aleppo in Sirië bewaar is en vir spesiale geleenthede bedoel was. Toegang tot die kodeks is deur die Jode beperk en geleerdes kon dit vir 'n lang tyd nie kopieer nie. Tydens die opstande wat in Sirië uitbreek het nadat Israel in 1948 'n onafhanklike staat geword het, is die sinagoge waarin die kodeks gehou was, verbrand. Lank is gevrees dat die kodeks in die brand vernietig is. Dit is egter uit Sirië na Israel gesmokkel en in 1958 aan die Israeliese president oorhandig. Dit word tans in die Israel Museum in Jerusalem bewaar en is nou vir geleerdes toeganklik. Ongeveer 'n derde van die teks, naamlik die grootste deel van die Pentateug, het egter tydens die opstande verlore gegaan. 294 uit die 487 bladsye het behoue gebly.
- Ander Middeleeuse manuskripte is die Oriëntales 4445 (± 820-850 n.C., bevattende Génesis-Deuteronomium 1:33, minus Númeri 7:47-73 en Númeri 9:12-10:18), die Kodeks Cairensis (895 n.C., bevattende die vroeëre en latere profete), die Babiloniese Kodeks van die latere profete (916 n.C., bevattende Jesaja-Maláji), en dergelike meer.
- In 1896 is in die Ben Ezra sinagoge in Kairo 'n sg. *genizah* (“wegsteekplek”) ontdek. Dit is 'n soort stoorplek wat die Jode gebruik het om manuskripte van hulle heilige boeke, wat vanweë verwerking nie meer bruikbaar was nie, weg te bêre. Hulle het geglo hulle kan hierdie boeke nie net weggooi nie omdat hulle die heilige Naam van God bevat het. Daarom is dit in 'n kelder van 'n sinagoge gestoor of selfs begrawe. Hierdie *genizah* in Kairo het amper 280 000 geskifte bevat waarvan ongeveer 10 000 Ou Testamentiese manuskripte en fragmente van manuskripte is.
- Die oudste manuskrip wat voor 1947 bekend was, was die Nash papiirus. Dit is vier papiirus fragmente wat uit die 1e – 2e eeu n.C. dateer en is in 1898 deur WL Nash, sekretaris van die *Society of Biblical Archaeology*, gekoop. Dit bevat die 10 gebooue plus die begin van “Shema Jisrael” (Deut. 6:4-9).

1.2 Dooie See (of Qumran) manuskripte

In 1947 is die wêreld geskud deur 'n opspraakwekkende ontdekking. 'n Bedoeïene bokwagter wat in die gebied van die Wadi Qumran naby die Dooie See op soek was na sy verlore bok het 'n klip in 'n grot gegooi en iets hoor breek. By nadere ondersoek het dit geblyk 'n kleipot te wees met ou manuskripte daarin. Dit was die begin van die ontdekking van die sg. Dooie See manuskripte, ook die Qumran manuskripte genoem. Tussen 1947 en 1956 is talle grotte met ou manuskripte daarin ontdek. Dit het geblyk die “biblioteek” te wees van 'n Joodse sekte (die Esseners) wat hulle in die woestyn te Qumran gevestig het. Hierdie gemeenskap het in 68 n.C. voor die aankomende Romeinse soldate wat op pad was na Jerusalem gevlug. Ons weet dus dat die manuskripte voor 68 n.C. gedateer moet word.

Ondersoeke het daartoe gelei dat die manuskripte tussen die derde en die eerste eeu v.C. gedateer is. Die manuskripte sluit 'n volledige kopie van Jesaja in asook duisende fragmente van manuskripte wat elke boek in die Ou Testament behalwe Ester verteenwoordig. Die ontdekking van hierdie manuskripte het geleerdes vir die eerste keer toegang tot Hebreeuse tekste 1000 jaar ouer as Aleppo en Leningradensis gegee.

1.3 Murabba'at manuskripte

Nog 'n betekenisvolle ontdekking van manuskripte is in 1951 in vier grotte by Wadi Murabba'at (omtrent 18 km suid van Grot 1 te Qumran) gemaak. Verskeie dokumente is gevind, onder andere 'n brief van Simon bar Kochba (leier van die tweede Joodse rewolusie) aan een van sy offisiere in beheer van die Murabba'at buitepos (Wegner 2005:188). Dit is dus duidelik dat die grotte deur die Joodse vryheidsvegters tydens die Bar Kochba opstand teen die Romeinse owerheid in 135 n.C. gebruik is. Onder die manuskripte wat gevind is, was fragmente van Bybelse tekste, insluitende Génesis, Exodus, Numerí, Deuteronomium en Jesaja. Hierdie manuskripte het omtrent volledig met die Masoretiese teks ooreengestem.

1.4 Manuskripte te Masada

Masada is 'n vesting geleë op 'n alleenstaande rots langs die westelike kus van die Doie See. Herodus die Grote het in 36-30 v.C. hier vir hom 'n pragtige paleis op drie vlakke gebou. Tydens die eerste Joodse opstand in 66-73 n.C. het 'n groep Joodse vryheidsvegters Masada verower en dit tot 73 n.C. verdedig. In 73 n.C. het die Romeinse tiende legioen onder Flavius Silva deurgebreek, net om te vind dat al die Jode selfmoord gepleeg het eerder as om in die hande van die Romeine te val.

Tydens opgrawings in 1963 – 1965 is die oorblyfsels van 14 rolle ontdek, waaronder ook Bybelse manuskripte. Hierdie manuskripte dateer dus duidelik uit die jare voor 73 n.C. Volgens Wegner (2005:190) was fragmente van Génesis, Numerí, Deuteronomium en Psalms onder die manuskripte.

1.5 Silwer amulette (gelukbringertjie)

In 1979 is twee silwer amulette of gelukbringertjies in 'n graf naby die St Andrew's Church of Scotland in Jerusalem gevind. Hulle het die woorde van die priesterlike seën van Num 6:22-27 bevat. Hulle dateer volgens die argeoloog Gabriel Barkay uit die middel van die sewende eeu v.C. (Wegner 2005:185). Dit maak dit die oudste oorblyfsel van 'n OT teks wat ons tans het.

Op grond van bg. ontdekkings was geleerdes beter in staat om 'n rekonstruksie van die geskiedenis van die Ou Testamentiese teks te maak.

2. Die historiese ontwikkeling van die Ou Testamentiese teks

2.1 Die OT teks vóór 100 v.C.

2.1.1 Die pre-Masoretiese teks


Die ontdekking van Doie See manuskripte het nie al die vrae i.v.m. die Hebreeuse teks van die Ou Testament beantwoord nie. Selfs na ontdekking het sekere vrae t.o.v. die oudste manuskripte van die Hebreeuse teks (manuskripte vóór 500 v.C.) onbeantwoord gebly, bv:

- In watter skrif is is vroeë manuskripte geskryf: paleo-Hebreeus (soos algemeen aanvaar en soos op die silwer amulette voorkom) of Aramese blokskrif soos in die Qumran geskrifte?
- Het die Israeliete aanvanklik sonder spasies tussen woorde geskryf (*scriptio continua*)?

Tussen 500 en 600 v.C. het die *sopherim* (skrywers) op die toneel verskyn om Israel se heilige tradisie te bewaar. Hulle mag selfs aktief gewees het vanaf die tyd van Esra (rondom 444 v.C.). Hulle het waarskynlik op papyrus of leervelle (perkament) geskryf. Jer. 36 gee 'n aanduiding van die skryfproses. Daar is in kolomme geskryf op velle wat aanmeakaargewerk is om 'n rol te vorm. Die rolle se lengte is deur hulle hanteerbaarheid beperk. Die hele Ou Testament sou dus baie rolle vereis het. Een of ander sisteem moes ontwerp word om 'n orde vir die rolle te verseker. Een metode was om die laaste woorde van die een rol aan die begin van die volgende rol te herhaal (vgl. die einde van 2 Kron. 36: 22-23 en Esra 1:1 – 3a). Die rolle se name en die outeurs is met 'n strokie papyrus of perkament aan die buitekant van die rolle aangebring. 'n Klompie rolle is in 'n silinder (capsa) gehou.

Uit die bestudering van die Dooie See manuskripte en 'n vergelyking daarvan met vertalings (bv. die Septuaginta en die Targums) het dit geblyk dat daar in die voor-Christelike era verskeie variasies in die Ou Testamentiese tekste was. Geleerdes het verskillende teorieë om die verskille te verklaar, ontwerp:


- Paul de Lagarde (1827-1891) het die teorie gehuldig dat daar een oorspronklike manuskrip was ('n oerteks). Deur die proses van kopiëring het daar vanweë oorskryffoute talle afwykings van die oorspronklike (en dus korrumperte tekste) gekom.



Manuskripte

- Paul Kahle (1875-1964) het in die teenoorgestelde rigting gedink. Daar was volgens hom baie korrumperte tekste in omloop waaruit een standaard teks saamgestel is.

Baie korrumperte tekste wat gestandaardiseer moes word




Masoretiese teks

- WF Albright en FM Cross (1950's) was van mening dat daar verskeie plaaslike tekste of teksfamilies was. Hulle het die tekstuele variasies tot drie tekstipes uit drie verskillende areas gereduseer:
 - Palestina (Samaritaanse Pentateug, Masoretiese teks van Kronieke en verskeie Qumran tekste)
 - Babilon (Masoretiese teks)

- Egipte (Septuaginta)

'n Meer omvattende uiteensetting van hulle teorie word in die volgende skema gegee:



Albright en Cross se teorie (soos ook die vorige twee) word vandag deur geleerdes weerspreek. Die teorieë gee ons egter insig in hoe die tekste kon ontwikkel.

Bestudering van die tekste het verder aan die lig gebring dat die skrywers aanvanklik net met konsonante geskryf het. Moontlik so vroeg as die monargale tydperk (9e eeu vC.) is die sg. *matres lectionis* ("moeder van lees") ingebring om met die regte uitspraak te help. Dit is die byvoeging van die konsonante ה (*hē*), י (*yôd*) en ו (*wāw*) tot sommige woorde om drie

soorte lang vokale aan te dui. Soos die taal ontwikkel het, is verdere toevoegings van *matres lectionis* later nie meer toegelaat nie. Verskeie ander sisteme om met die regte uitspraak te help, is ontwikkel. Die vokale puntsisteme van die Joodse skrywersgemeenskap te Tiberias sou uiteindelik algemene aanvaarding vind en so die norm word.

2.1.2 Die Samaritaanse Pentateug

Die opkoms van die Samaritane as 'n etniese en godsdienstige groep het iewers na die verowering van Israel (die Noordryk) deur die Assiriërs in 722 v.C. plaasgevind. Volgens 2 Konings 17 het die Assiriërs 'n groot deel van die Israelitiese bevolking weggevoer in ballingskap en hulle vervang met afgodsdienaars uit Babel, Kuta, Awa, Hamat en Sefarvâim. Lg mense het aan die begin van hulle verblyf nie die Here gevrees nie, en Hy het toe leeus onder hulle gestuur wat sommige van hulle gedood het. Hulle het toe die koning van die Assiriërs van hulle dilemma in kennis gestel. Hy het een van die weggevoerde priesters laat terugkeer om hulle die verpligtinge teenoor die God van die land te leer. Hulle het toe die God van Israel én hulle eie gode gedien. Deur ondertrouery het 'n gemengde bevolking in die grondgebied van die Noordryk ontstaan vir wie die Hebreeuse godsdienstige geskrifte ook belangrik was.

Later, ná die terugkeer van die oorblyfsel uit die Babiloniese ballingskap na Juda, het daar 'n skeiding tussen die Jode en die Samaritane gekom. Hierdie skeiding het tydens herbou van die tempel en die optrede van Esra en Nehemía plaasgevind. Die Jode wou hulle nie toelaat om met die herbou van die tempel te help nie. Die Samaritane het toe 'n eie godsdienstige weg opgegaan. Hulle het in ongeveer 400 v.C. hulle eie tempel op die berg Gerizim gebou. Hulle het ook die Pentateug as hulle godsdienstige geskrif aanvaar en afsonderlike kopieë daarvan, gebaseer op 'n teks uit die vierde eeu v.C., gemaak. Die res van die Ou Testament het hulle egter verwerp a.g.v. hulle weerstand teen die Jode en omdat hulle dit nie as hulle geskiedenis beskou het nie. Selfs die Pentateug is deur hulle verander om hulle godsdienstige eiesoortigheid te dien.

In 1616 is 'n afskrif van die Samaritaanse Pentateug deur Pietro della Valle in Damaskus ontdek. Dit wyk in 6000 gevalle af van die Masoretiese teks, waarvan die meeste van ortografiese aard is, m.a.w. skryf- en spellingvariante (Coetzee s.j.:13). Sektariese oortuigings is ook vir 'n aantal verskille verantwoordelik. 'n Voorbeeld: In Gén 22:2 is die berg waarop Abraham Isak moet offer die berg Moreh naby Sigem i.p.v. die berg Moria soos in die Masoretiese teks. Alhoewel die Samaritaanse Pentateug dus vir tekskritiese navorsing belangrik is omdat dit 'n afsonderlike tradisie van hierdie vroeë periode verteenwoordig, word sy waarde deur die sektariese neigings verminder.

2.2 Die OT teks in die jare 100 – 500 n.C.

Hierdie tydperk staan ook as die Talmudiese periode bekend, omdat die Talmud in hierdie jare sy beslag gekry het. Die Talmud bevat die menings en beslissings van Joodse rabbi's vanaf ongeveer 300 v.C. tot 500 n.C. Dit bestaan uit twee groot afdelings: die Mishnah en die Gemara.

2.2.1 Gestandaardiseerde teks (± 100 n.C.)

In die eerste eeu n.C. het daar 'n sterk beweging onder Jode om die Ou Testamentiese tekste te standardiseer op koers gekom. Dit word duidelik wanneer die Qumran manuskripte met latere manuskripte vergelyk word. In die Qumran manuskripte (gedateer 300 – 100 vC) is daar nog belangrike variasies. In Hebreeuse tekste van Masada (gedateer net voor 73 n.C.), Nahal Hever (laat 1e eeu) en Wadi Murabba'at (gedateer voor die Bar Kochba opstand 132 – 135 n.C.) is daar egter min variasies. Iewers tussen hierdie periodes moes die teks dus gestandaardiseer gewees het. Nadat

die standardisering plaasgevind het, het die skrywers nougeset gesorg dat daar nie foute in die teks insluip nie.

2.2.2 Tannaim

In die tydperk 20 – 200 n.C. het 'n tweede groep skrywers na vore gekom, te wete die *Tannaim* (om mondeling oor te lewer, om te studeer, om te leer). Benewens kopieerwerk het die Mishnah (die eerste geskrewe weergawe van die Joodse mondelinge tradisie) ook onder hulle hand vorm begin aanneem, alhoewel die voltooiing daarvan lank geneem het. Lewers in die Talmudiese periode (100vC – 400 nC) is noukeurige reëls vir die bewaring van OT teks in sinagogale rolle ontwikkel:

- Net die perkament van rein diere is gebruik
- Elke geskrewe kolom van die rol mag nie minder as 48 en nie meer as 60 lyne van nie meer as 30 letters gehad het nie.
- Die bladsy moes eers lyne kry. Die letters moes onderaan die lyne “hang”.
- Die ink moes swart en volgens 'n spesifieke resep gemaak gewees het.
- Geen woord of letter mag uit die geheue geskryf geword het nie.
- Tussen die konsonante moes 'n haarbreedte spasie en tussen woorde die spasie van 'n klein konsonant gewees het. (Daar was ook ander spasieringsreëls).
- Die skrywer moes homself geheel gewas en in Joodse drag gewees het voor hy begin kopieer.
- Hy mag die naam JHWH nie met 'n nuutgedoopte kwas geskryf het nie en mag ook aan niemand, selfs nie 'n koning, aandag gegee het terwyl hy hierdie heilige Naam geskryf het nie.

2.2.3 Amoraim

'n Derde groep skrywers wat vanaf 200 – 500 n.C. opgetree het, is die *Amoraim* (uitleggers) genoem. In hierdie tyd het die Talmud sy finale beslag gekry. Die Amoraim het in twee gebiede gewerk, te wete Babilonië en Palestina, en dit het tot twee Talmuds aanleiding gegee, naamlik die Babiloniese en Palestynse Talmud.

2.3 Die OT teks 500 – 1000 n.C.

'n Vierde groep skrywers, die Masorete, het na vore gekom. Vanaf 500 – 800 n.C. het hulle die vokale punte, aksente en die masorahs (dit is nota's waarvan drie soorte voorgekom het: *parva*/klein, *magna*/groot en *finalis*/eind) sowel as baie skrywerskorreksies bygevoeg. Hulle arbeid het gehelp om die Hebreeuse teks wat ons vandag het, die Masoretiese teks (MT), te bewaar. Hulle was uiters versigtig en het die teks met die grootste respek hanteer. Hierdie diepe respek vir die teks word sigbaar in die feit dat hulle 'n variante lesing waarvan hulle oortuig was dis die korrekte lesing liewers in die kantlyn geplaas het en die teks self onveranderd gelaat het. Hulle het verder uiters noukeurige nota's van sake aangaande die teks gemaak, bv. die getal letters wat in 'n boek gebruik is, die middelste letter van die boek, ens.

Die doel van die Masorete was om die teks van die Bybel wat aan hulle oorgelewer is, te beskerm en te bewaar. Om hierdie doel te bereik, het die Masorete aan verskeie sake aandag gegee:

- Hulle het noukeurig te werk gegaan om die teks van die Ou Testament te bepaal.
- Hulle het die regte wyse waarop woorde geskryf (*khetiv*) en gelees (*qere*) moet word, bepaal.
- Hulle het ook aan die kwessie van die afwykende spelling van woorde aandag gegee.

- Hulle het vokale ingesit.
- Hulle het kantilasietekens ingesit.
- Om die teks te bewaar het hulle die Masoretiese apparaat ontwerp om die spelling van woorde, die kombinasie van woorde, ens. te beskryf.

Ná die Islamitiese verowering van Palestina het Tiberias weer herleef as hoofsentrum van Joodse tekstuele studie. In Tiberias was twee belangrike Masoretiese families, naamlik die Ben Asher en die Ben Naphtali families. Kleiner variasies het tussen die twee families se tekstuele tradisies bestaan. Uiteindelik het die Ben Naphtali familie uitgesterf en die Ben Asher tradisie is as die beter teks gehandhaaf.

Wanneer ons die verskille tussen die Masoretiese tekste en die pre-Masoretiese tekste bestudeer, ontdek ons dat dit inderdaad klein en nie van groot betekenis is nie. Wat belangrik is, is dat die Masoretiese teks deur 'n lang tradisie van teksoorlewering voorafgegaan word en dié tradisie noukeurig volg.

3. Die vertalings van die Hebreeuse teks van die Ou Testament

Sedert die ballingskap het Hebreeus as spreektaal onder die Jode in verval geraak. Hulle het die taal van die Babiloniese Ryk, te wete Aramees, gepraat, wat mettertyd die *lingua franca* van die ou Nabye Ooste geword het, selfs in Judea. Verder het die opkoms van die Griekse ryk met sy taalimperialisme tot gevolg gehad dat baie Jode in die verstrooiing nie meer die Hebreeuse teks van die OT verstaan het nie. Dit het tot verskeie vertalings aanleiding gegee.

3.1 Die Aramese Targumim

Die voorlesing van die Hebreeuse teks in die sinagoges het vir die Arameessprekende Jode al hoe meer onverstaanbaar geraak. Aanvanklik is daar 'n mondelinge Aramese vertaling van die gelese gedeelte deur tolke gegee. Hierdie gebruik het volgens die Joodse tradisie so vroeg as die tyd van Esra begin (Neh 8:9). Die vertaling het dikwels met kommentaar gepaard gegaan en het selfs die vorm van 'n parafrase aangeneem. Hierdie mondelinge vertaling is 'n *targum* (meervoud *targumim*) genoem. Om akkuraatheid te verseker is bepaal dat nie meer as een vers van die Pentateug en nie meer as drie verse van die Profete op 'n keer vertaal moes word nie (Bruce1975:133).

Mettertyd is die Targums op skrif gestel en die bestaan daarvan in die eerste eeu n.C. word vandag algemeen aanvaar. Uit die aard van die saak sou die bewoording van die Targums van plek tot plek verskil het. Daar was dus aan die begin nie 'n enkele standaard en gesagvolle Targum teks nie, maar 'n verskeidenheid van vertalings. Volgens Würthwein (1979:76) kan uit die vertalings wat bewaar gebly het twee verskillende vorms onderskei word: Die vroeëre Palestynse Targum, en die Targums wat in Babilonië hersien is, te wete Targum Onkelos (vir die Pentateug) en die Targum Jonathan (vir die Profete). Lg. twee Targums se bewoording is in die 5e eeu n.C., na 'n lang ontwikkeling, amptelik vasgestel.

3.2 Die Griekse Septuaginta

Volgens die Brief van Aristeeas (gedateer 2e eeu v.C.) het Demetrius van Phaleron, wat die direkteur van die bekende biblioteek in Alexandrië in Egipte was, farao Ptolemaeus II (285 – 246 v.C.) ingelig dat die Joodse Wet 'n plek in die biblioteek verdien, maar dat dit eers in Grieks vertaal moes word. Die koning het 'n afvaardiging na Eliëser, die hoëpriester in Jerusalem, gestuur met die versoek om bekwame manne te voorsien om die vertaling te doen. Eliëser het daarop 72 manne na Alexandrië gestuur, ses uit elke stam van Israel, asook kosbare Torah rolle. Hulle is na die eiland Pharos geneem, waar hulle in afsondering

die vertaling in 72 dae gedoen het. Die vertaling is eers aan die Joodse gemeenskap in Alexandrië gelees, wat dit akkuraat verklaar het. Daarna is dit aan die koning oorhandig, wat die vertalers, swaar gelaai met geskenke, na hulle huise teruggestuur het. Die vertaling is die Septuaginta (“sewentig” – ook met die Romeinse syfers LXX aangedui) genoem na die 72 vertalers.

Hierdie Brief van Aristeas word vandag as ‘n legende beskou. Wat wel waar is, is dat die Septuaginta onder die Joodse gemeenskap in Alexandrië sy ontstaan gehad het. Die vertaling het miskien reeds so vroeg as die derde eeu v.C. begin, maar die finale afronding het eers ongeveer 150 v.C. plaasgevind. Aanvanklik is net die Pentateug vertaal, maar later het die ander boeke van die Ou Testament gevolg. Deur die loop van die tyd het verskillende vertalers aan die vertaling gewerk, soos blyk uit die feit dat dit nie ‘n eenvormige vertaling is nie. Würthwein (1979:52) is selfs van mening dat die Septuaginta in wese ‘n versameling van vertalings is wat deur verskillende vertalers gemaak is wat in hulle vertalingsmetodes en kennis van die Hebreeuse taal grootliks van mekaar verskil het. Uit die verskille tussen die Septuaginta en die Masoretiese teks word die afleiding gemaak dat die vertalers van die Septuaginta ‘n ander meeserteks voor hulle gehad het as die Masorete s’n.

Die Septuaginta het ‘n groot invloed op die Jode sowel as die Christene gehad. Die Here Jesus en die apostels het dikwels (maar nie altyd nie³) van die Septuaginta gebruik gemaak wanneer hulle uit die Ou Testament aangehaal het. Dit is mettertyd as die standaard vorm van die Ou Testament gesien en so deur die Christene aanvaar. Omdat dit gebruik is in debatte tussen die Christene en die Jode het lg. dit gaandeweg met suspisie begin bejeën. Hulle het later mededingende Griekse vertalings die lig laat sien. Die eerste was die vertaling van Aquila, wat ‘n baie letterlike vertaling was. Die tweede vertaling was dié van Theodotian, wat ‘n meer vloeiende vertaling was en baie gewild in die Christelike kerk geraak het. Die laaste Griekse vertaling is deur Symmachus teen die einde van die tweede eeu n.C. gemaak. Volgens Brotzman (1994:76) het lg. vertaling later ‘n redelike groot invloed op Hiëronimus se Latynse vertaling (die Vulgaat) gehad.

Die Septuaginta het groot waarde vir die wetenskap van die tekskritiek wanneer dit as basis van vergelyking gebruik word. Tog het dit ook sy beperkings.

- Dit bly ‘n vertaling, met al die probleme wat aan ‘n vertaling verbonde is. Om enkeles te noem: Die Hebreeuse en Griekse tale verskil wesenlik van mekaar. Van die vertalers se gebrek aan ‘n grondige kennis van óf die Grieks óf die Hebreeus het in hulle vertaalwerk na vore gekom.
- Ons het nie meer die oorspronklike dokument van die vertaling nie. Wat bestaan, is kopieë van kopieë. Dit beteken dat die tekskritikus eers teksherstel t.o.v. die Septuaginta moet doen voordat sy getuienis gebruik kan word.
- Dit is waarskynlik dat die Hebreeuse meeserteks wat die Joodse gemeenskap in Alexandrië vir hulle vertalings gebruik het, ‘n minder betroubare teks was.

Om bg. redes beskou geleerdes vandag die Masoretiese teks as van veel hoër waarde as die Septuaginta (Coetzee (s.j.: 17).

3.3 Origenes se Hexapla

Bg. ontwikkeling van die Griekse vertaling van die Ou Testament het daartoe gelei dat daar teen die einde van die tweede eeu n.C. ten minste vier vertalings met mekaar meegeding het. Dit het die begaafde Origenes (185-254 n.C. – ‘n boorling van Alexandrië wat hom later in Caesarea gevestig het) beweeg om orde te probeer bring. Hy het ‘n reuseprojek

³ In bv. Mat 2:15 word uit die Masoretiese Teks en nie die Septuaginta nie aangehaal.

aangepak om in ses paralelle kolomme die Griekse vertalings en die Hebreeuse teks met mekaar te vergelyk. Hierdie massale werk, wat 6500 bladsye beslaan het en 15 jaar geneem het om te voltooi, staan as die Hexapla (Grieks vir “sesvoudig”) bekend.

Vanweë die omvang van die werk is die Hexapla nooit in sy geheel gekopieer nie. Daarom het ons ook nie ‘n volledige kopie wat bewaar gebly het nie. Die fragmente wat wel gevind is, gee ons ‘n aanduiding van die waarde wat die werk kon gehad het in die vasstelling van die Ou Testamentiese teks.

3.4 Die Siriese Peshitta

Die Peshitta (“die gewone/eenvoudige/duidelike”) is ‘n vertaling van die Ou Testament in Siries (‘n dialek van Aramees). Die ontstaan en vroeë geskiedenis van die Peshitta is onbekend. Daar is nie eers sekerheid of dit van Joodse of Christelike oorsprong is nie. Sommige geleerdes beweer dat die Targums ‘n belangrike invloed op die Siriese vertaling uitgeoefen het, terwyl ander weer beweer dat die vertaling aanvanklik van ‘n Hebreeuse teks gedoen is (vgl. Coetzee s.j.:14; Brotzman 1994:81; Würthwein 1979:80-81). Die Peshitta is later hersien in die lig van ander vertalings, en in dié proses het die Septuaginta weer ‘n belangrike rol in die vertaling gespeel.

Die tekskritiese waarde van die Peshitta is nie baie hoog nie. Sommige gedeeltes is besonder woordgetrou en letterlik vertaal, terwyl ander weer vrye vertalings is. Dit is dus ‘n belangrike getuie van die Ou Testamentiese teks, maar vanweë die verbintenis tussen die Peshitta en die Septuaginta moet ‘n variasie waarin hulle ooreenstem teenoor die Masoretiese teks nie noodwendig as twee afsonderlike getuies nie beskou moet word.

3.5 Die Latynse Vulgaat

Die taal van die Romeinse Ryk was Latyn. Dit het mettertyd ook die kerktaal van die Westerse kerk geword. Daarom was ‘n vertaling van die Bybel in Latyn onafwendbaar. Daar is in tweede eeu n.C. ‘n aanvanklike vertaling gemaak, die sg. Ou Latyn of *Itala*. Dit was ‘n vertaling van die Septuaginta en nie van ‘n Hebreeuse teks nie. Dit het inderwaarheid twee vorms aangeneem n.a.v. die plekke waar hulle ontstaan en gebruik is, te wete Afrika en Europa. Dit het tot gevolg gehad dat daar tot die middel van die vierde eeu n.C. geen eenvormige Latynse vertaling was nie. Dit het pous Damasus I genoop om in 382 n.C. opdrag te gee vir ‘n hersiening van die *Itala*. Tussen 390 en 405 n.C. het Hiëronimus ‘n hersiening van die hele Ou Testament op grond van die Hebreeuse teks gemaak. Hierdie werk van hom het as die Vulgaat (“gewoon/populêr”) bekend gestaan en het mettertyd in gewildheid teenoor die *Itala* toegeneem. In 1546 is dit tydens die Konsilie van Trent as die amptelike Bybel van die Rooms Katolieke Kerk aanvaar. Volgens Brotzman (1994:85) word die Vulgaat se bruikbaarheid vir tekskritiek aan bande gelê deur sy interafhanklikheid van die Septuaginta en die feit dat die vertaling tussen letterlikheid en vryheid varieer.

Die waarde van bg vertalings is dat hulle op die feit dui dat daar verskeie eeue voor die tyd van die Masoretiese teks ‘n Hebreeuse teks bestaan het wat sterk ooreenkomste met hulle tekste getoon het en in beduidende mate van die Masorete se brontekste verskil het.

4. Uitgawes van die Hebreeuse teks van die Ou Testament

Vanweë die groot hoeveelheid manuskripte wat bewaar gebly het, staan die student van die Ou Testamentiese teks voor ‘n onbegonne taak wanneer dit by die samestelling van ‘n volledige teks vanuit die onderskeie manuskripte kom. Daar is ‘n tweeledige rede hiervoor.

Die eerste is die magdom manuskripte wat bestaan. Omdat hierdie manuskripte met die hand geskrywe is, maak dit elke kopie in ‘n sekere sin ‘n afsonderlike eenheid (Geisler

1986:449). Die eerste persoon wat 'n lys van Hebreeuse manuskripte opgestel het, was Benjamin Kennicott (AD 1776-1780). Sy lys, wat in Oxford, gepubliseer is, het 615 manuskripte van die Ou Testament bevat. Later het Giovanni de Rossi (1784-1788) 'n lys van 731 manuskripte gepubliseer. Die latere ontdekkings van manuskripte soos in die *genizah* te Kairo (c. 1890) en die Dooie See rolle (1947) het dié getalle geweldig vermeerder. Moshe Goshen-Gottstein bereken dat die getal Ou Testamentiese manuskripte wat vandag oor die wêreld versprei is tienduisende beloop (Geisler 1986:357-358).

Die tweede rede het met die verspreiding van die manuskripte te doen. Dit is letterlik oor die hele wêreld versprei. Die grootste georganiseerde versameling Hebreeuse Ou Testamentiese manuskripte is die Tweede Firkovich Versameling in Leningrad. In die Britse eilande word talle Ou Testamentiese manuskripte bewaar, bv. in die Britse Museum, in die Bodleian biblioteek in Oxford en in Cambridge.

Die uitvinding van die drukpers het sake makliker gemaak. Bevry van die gevaar van kopieerfoute het uitgewers toe begin om uitgawes van die Hebreeuse teks te druk. Die eerste wat verskyn het was die Psalms wat in 1477 te Bologna gedruk is. Die eerste volledige Bybel is deur Joshua Solomon Soncino te Soncino, Italië in 1488 gedruk. Sy neef Gerson ben Moses Soncino het in 1494 sy uitgawe van die volledige Bybel gedruk. Gerson se uitgawe is deur Luther vir sy vertaling van die Bybel in Duits gebruik. In wese is dieselfde teks later gebruik vir die eerste uitgawe van Bomberg se Rabbynse Bybel in 1517.

Talle uitgawes het daarna gevolg. Joseph Athias van Amsterdam het bv in 1661 'n teks voorberei deur gebruik te maak van die Soncino uitgawe van 1488 en Buxtorf se uitgawe. E. van der Hooght het in 1705 te Amsterdam and Utrecht 'n Bybel uitgegee waarin hy hoofsaaklik Athias se teks gebruik het met variante van enkele ander gedrukte uitgawes. Sy uitgawe is hoog aangeslaan en is as 'n soort "textus receptus" gesien (http://en.wikipedia.org/wiki/Early_editions_of_the_Hebrew_Bible#Van_der_Hooght).

Al die uitgawes wat die lig gesien het, is byna onoorsigtelik. Wat hieronder aangedui word is nie 'n volledige lys van uitgawes nie, maar slegs enkele van die belangrikstes.

4.1 Gewone (onkritiese) uitgawes

Hiermee word uitgawes bedoel wat van manuskripte of vroeëre gedrukte uitgawes gemaak is en wat geen variasies van die teks aandui nie, m.a.w. wat nie kritiese apparaat bevat en kritiese beginsels toepas nie (vgl. Maas se artikel op die webwerf: <http://www.bible-researcher.com/hebrew-editions.html>).

4.1.1 Komplutensiese poliglot ("*Biblia Polyglotta Complutensia*")

In 1502 het Kardinaal Ximenes 'n aantal geleerdes opdrag gegee om 'n Bybel in poliglotvorm voor te berei vir publikasie. Antieke manuskripte en gedrukte kopieë van die Hebreeuse teks is tot hulle beskikking gestel. Die uitgawe is in 1517 voltooi en in 1520 of 1522 in Alcalá (in Latyn Complutum) naby Madrid uitgegee. Dit het bekend geword as die Komplutensiese Poliglot. Die teks van die uitgawe het vokale maar geen aksenttekens gehad nie.

4.1.2 Tweede Rabbynse Bybel ("*Biblia Rabbinica Bombergiana*")

Die drukker Daniël Bomberg wat in Venisië gesetel was, het in 1518 die Eerste Rabbynse Bybel uitgegee wat deur die bekeerde Jood Felix Pratensis geredigeer is. Dit het die Targumim, die Masorah en talle Joodse kommentare bevat, maar het tog nie die Jode bevredig nie, heelwaarskynlik omdat sy samesteller 'n Christen-Jood was.

In 1525-26 het Bomberg 'n hersiene uitgawe van die Rabbynse Bybel uitgegee, die Tweede Rabbynse Bybel (*Biblia Rabbinica Bombergiana, ed. II., cura R. Jacob ben Chajim* - ook die *Mikra'ot Gedolot* genoem). Soos die naam aandui het Jacob ben Chajim die redigeerwerk vir dié uitgawe gedoen. Hy het die hele Masoretiese apparaat ingesluit en nog Rabbynse kommentare bygevoeg. Dit is as die eerste Masoretiese Bybel beskou en het talle herdrukke tydens die sestiende en begin van die sewentiende eeu beleef.

Volgens Tov (2001:78) is daar nie 'n basisteks gevind wat die redaktors van die eerste twee Rabbynse Bybels gebruik het nie. Dit word aanvaar dat hulle verskillende manuskripte gebruik het. Die tekste van die manuskripte was egter naby aan dié wat in die Aleppo kodeks en die Kodeks Leningradensis gebruik is.

Hierdie Tweede Rabbynse Bybel het as die grondteks vir die King James Bible van 1611 gedien (http://en.wikipedia.org/wiki/Mikraot_Gedolot) sowel as van die Nederlandse Statevertaling.

4.2 Kritiese uitgawes

Wat is 'n kritiese uitgawe? Dit is 'n uitgawe van 'n teks wat die naaste aan die oorspronklike is, vergesel van die kritiese apparaat waarin die belangrikste variante van woorde in die teks aangedui word en hoe die variante benader moet word. 'n Kritiese uitgawe kan 'n sg diplomatieke teks as basis hê soos die BHS wat die Kodeks Leningradensis as basis het. 'n Kritiese uitgawe kan ook 'n eklektiese teks as basis hê, wat beteken dat die samestellers 'n teks saamgestel het op grond van hulle beoordelings van die variante. So 'n eklektiese kritiese uitgawe van die Hebreeuse teks bestaan nog nie, alhoewel sekere geleerdes daarvoor pleit (vgl. bv. Drew Longacre se webgeselsblad <http://oldtestamenttextualcriticism.blogspot.com/2011/03/on-feasibility-of-eclectic-editions-of.html>).

4.2.1 Benjamin Kennicott se *Vetus Testamentum hebraicum cum variis lectionibus* (1776-80)

Benjamin Kennicott was 'n Engelse geleerde wat in die Hebreeuse taal gespesialiseer het. Hy het vanaf 1759 begin om Hebreeuse manuskripte (615), gedrukte uitgawes (52) en die Talmud te versamel. In 1773 het hy begin om 'n kritiese uitgawe voor te berei. Sy basisteks was die Hebreeuse teks van Van der Hooght soos deur Simonis geredigeer. Die variante met hulle respektiewe bronne is onder die teks aangedui. Sy werk is gekritiseer omdat hy volgens sy kritici nie genoeg oordeel aan die dag gelê het m.b.t. die keuse van variante nie.

4.2.2 Bernardo de Rossi se *Variae Lectiones Veteris Testamenti* (1784-88)

Hierdie professor van Parma in Italië het probeer om kritiese apparaat voor te berei wat 'n verbetering was op die werk van Kennicott. Hy het uiteindelik 731 Hebreeuse manuskripte, 300 gedrukte uitgawes en 'n hele aantal antieke vertalings versamel. Met Van der Hooght se teks as vertrekpunt het hy die belangrikste variante aangedui en die onderskeie manuskripte waarin hulle voorkom se waarde bespreek. T.s.v. sy omvattende werk het kritici die waarde van sy werk nie hoog aangeslaan nie.

4.2.3 R Kittel se *Biblia Hebraica*, uitgawe 1 en 2

Hierdie eerste twee uitgawes van Kittel se *Biblia Hebraica* is op die teks van Jacob ben Chajim (Tweede Rabbynse Bybel) gebaseer. Die eerste uitgawe het in 1906 verskyn en die tweede in 1913. Die kritiese apparaat het hoofsaaklik variante van die Samaritaanse Pentateug, die Septuaginta, die Vulgaat en die Peshitta aangedui.

4.2.4 Biblia Hebraica³ (BHK)

Die derde uitgawe van Kittel se Biblia Hebraica is op P Kahle se aandrang op die Kodeks Leningradensis gebaseer. Kahle was oortuig dat die Leningradensis die Ben Asher teks getrouer weergee as Ben Chaijim s'n. Op hierdie stadium was toegang tot die Aleppo kodeks nog beperk en dit is dus nie in die kritiese apparaat opgeneem nie. Die redigering van die BHK is deur Kittel begin, maar na sy afsterwe in 1929 is dit deur Albrecht Alt en Otto Eissfeldt voortgesit. Dit het uiteindelik in 1937 verskyn.

4.2.5 Biblia Hebraica Stuttgartensia (BHS)

In 1968 is 'n begin gemaak met 'n nuwe uitgawe van die Biblia Hebraica. Dit is weer eens op die Leningradensis gebaseer en is deur K Elliger en W Rudolph geredigeer. Die kritiese apparaat is volledig hersien. Dit het aanvanklik in paaiemente verskyn en die volledige uitgawe is in 1978 voltooi. Dit is deur die Deutsche Bibelgesellschaft (Duitse Bybelgenootskap) in Stuttgart gepubliseer, vandaar die naam *Stuttgartensia*.

Die BHS is die grondteks vir die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling waaraan op die oomblik (in 2012) gewerk word.

4.2.6 Biblia Hebraica Quinta (BHQ)

Daar word op die oomblik aan 'n volgende uitgawe van die Biblia Hebraica, die *Biblia Hebraica Quinta*, gewerk. Die Leningradensis bly die basisteks. Sekere dele is al voltooi, maar die beoogde verskyningsdatum van die volledige Bybel is 2015, hoewel sommige dit eers in 2020 verwag.

5. Gevolgtrekking

Ter afsluiting moet ons die vrae aan die begin gestel, antwoord: Is die manuskripte wat ons vandag het akkurate weergawes van die oorspronklike teks? Is dit moontlik om met hierdie manuskripte as vertrekpunt die oorspronklike teks van die Ou Testament te herwin?

Hoewel daar tot op datum geen oorspronklike manuskripte (outograwe) van die Ou Testamentiese boeke gevind is nie, is daar soveel manuskripte van kopieë, vertalings en aanhalings wat vergelyk kan word dat ons kan antwoord: Dit is moontlik om baie naby aan die oorspronklike teks van die Ou Testament te kom. Ons het alle rede om te aanvaar dat die kopieë wat bestaan goeie kopieë en daarom betroubare weergawes van die oorspronklike teks is. Geisler en Nix (1986:465) vat die redes vir hierdie oortuiging soos volg saam:

- Daar is min variante in die bestaande Masoretiese manuskripte.
- Die letterlike ooreenkoms van die grootste deel van die Septuaginta met die Masoretiese teks.
- Die streng reëls van die Joodse skrywers.
- Die ooreenkoms in parallele Ou Testamentiese gedeeltes.
- Argeologiese bevestiging van die historiese betroubaarheid van gegewens in die teks.
- Die groot ooreenkomste met die Samaritaanse Pentateug.
- Die bevestiging van die Masoretiese manuskripte se betroubaarheid deur die ontdekking van die Dooie See Manuskripte. Lg. manuskripte wat tot so ver as die vierde eeu v.C. dateer stem dikwels bykans volledig ooreen met kopieë van 1000 jaar later.

'n Opmerking van Skilton in dié verband is insiggewend: "That God has preserved the Scriptures in such a condition of essential purity as we would expect is manifestly the case. The Hebrew text of the Old Testament has survived the millenniums in a substantially and remarkably pure form. Among the extant manuscripts of the Hebrew Bible from the Christian era there is an extraordinary agreement. Kennicott in his edition of the Hebrew Bible with variant readings deals with consonantal variants in more than six hundred manuscripts. Dr. Robert Dick Wilson has pointed out that there are about 284,000,000 letters in the manuscripts considered by Kennicott and that among these manuscripts there are about 900,000 variants, approximately 750,000 of which are the quite trivial variation of *w* and *y*. There is, Dr. Wilson remarks, only about one variant for 316 letters and apart from the insignificant *w* and *y* variation only about one variant for 1580 letters. The variants for the most part are supported by only one or by only a few of the manuscripts. Dr. Wilson has elsewhere said that there are hardly any variant readings in these manuscripts with the support of more than one out of the 200 to 400 manuscripts in which each book is found, except in the full and defective writing of the vowels, a matter which has no bearing on either the pronunciation or the meaning of the text. The agreement which exists among the extant manuscripts of the Hebrew Old Testament which date from the Christian era is a sign of the extraordinary care exercised in the transmission of the text by the Jews" (<http://www.bible-researcher.com/skilton1.html>).

Kaiser (2001:48) kom insgelyks tot die gevolgtrekking dat bykans al die variante redelik onbelangrik is en kwalik enige effek op enige leerstelling het. Hy haal ook vir Bruce Waltke aan wat sê dat daar oor meer as 90% van die Ou Testamentiese teks eenstemmigheid tussen al die manuskripte bestaan.

Die student, predikant en Bybelvertaler kan dus met groot vrymoedigheid die BHS gebruik in die wete dat dit 'n betroubare getuie van die (steeds ontwykende) oorspronklike teks van die Ou Testament is.

Geraadpleegde bronne:

Publikasies:

Bloemendaal, W 1966. **De tekst van het Oude Testament**. Baarn: Bosch & Keuning.

Bruce, FF 1975. **The books and the parchments**. Reprinted. London: Pickering & Ingils Ltd.

Coetzee, JC s.j. **Die teks van die Ou en Nuwe Testament. 'n Gids vir Bybelkundestudente**. Potchefstroom: Wesvalia Boekhandel.

Deiste, FE 1978. **Towards the text of the Old Testament**. Translated by WK Winckler. Pretoria: D.R. Church Booksellers.

Geisler, NL en Nix, WE 1986. **A general introduction to the Bible**. Revised and expanded. Chicago: Moody Press

Kaiser Jr, WC 2001. **The Old Testament documents. Are they reliable and relevant?** Downers Grove: InterVarsity Press.

Price, R 2007. **Searching for the original Bible**. Eugene: Harvest House Publishers.

Tov, E 2001. **Textual criticism of the Hebrew Bible**. Second revised edition. Second English edition. Minneapolis: Augsburg Fortress.

Wegner, PD 2005. **The journey from text to translations. The origin and development of the Bible.** Second printing. Grand Rapids: Baker Academic.

White, JR 2009. **The King James only controversy. Can you trust modern translations?** Minneapolis: Bethany House.

Würthwein, E 1979. **The text of the Old Testament.** Translated by Erroll F Rhodes. London: SCM Press.

Webwerwe:

<http://www.bible-researcher.com/hebrewtext1.html#chap3sect2> : 'n Artikel van F Buhl getiteld Text of the Old Testament. Geneem uit: *The New Schaff-Herzog Encyclopedia of Religious Knowledge*, Edited by Samuel Macauley Jackson (New York: Funk & Wagnalls, 1908-1912).

<http://www.bible-researcher.com/hebrew-editions.html> : 'n Uittreksel uit die artikel van Maas, AJ 1909. Editions of the Bible," *The Catholic Encyclopedia*, Volume V. New York: Robert Appleton Company.

<http://www.bible-researcher.com/luther02.html>

<http://www.bible-researcher.com/skilton1.html> : The Transmission of the Hebrew Text by John H. Skilton

<http://www.datingtheoldtestament.com/Texts.htm>

<http://www.jewishvirtuallibrary.org/jsource/History/Genizah.html>

<http://www.lakesidemministries.com/TopicalStudies/Foundations/OldTestament.htm#OLD%20TESTAMENT%20MANUSCRIPTS>

<http://oldtestamenttextualcriticism.blogspot.com/2011/03/on-feasibility-of-eclectic-editions-of.html>

http://en.wikipedia.org/wiki/Cairo_Geniza

http://en.wikipedia.org/wiki/Early_editions_of_the_Hebrew_Bible#Van_der_Hooght

http://en.wikipedia.org/wiki/List_of_Hebrew_Bible_manuscripts

http://en.wikipedia.org/wiki/Masoretic_Text

http://en.wikipedia.org/wiki/Mikraot_Gedolot

http://en.wikipedia.org/wiki/Nash_Papyrus

